GROEIGROEP MATERIAAL

Nuwe Gewoontes/Nuwe Werklikhede

Leef uit jou vriendelikheid en blydskap

Opening

Aan die einde van elke jaar kom die leiers van die gemeente bymekaar om saam te bid en dink oor die nuwe jaar wat kom. Dit is hier waar daar met baie sensitiwiteit geluister word sodat daar `n visie (fokus area) vir die nuwe jaar geformuleer kan word. Vir `n oomblik wonder ek hoe julle hierdie proses beleef by Kerk-In-Suid. Deel bietjie met mekaar julle belewenis van jaar temas en kwartaal reekse. Ons het een van die dae weer `n omgeegroep leier byeenkoms. Die leiers kan daar vir ons bietjie terugvoer gee oor julle belewenis hiervan.

_____

_____

Inleiding

Hierdie jaar gaan ons tema oor Nuwe Werklikhede. Ons gaan kyk na 'nuwe gewoontes' en 'gesonde gewoontes' wat tot nuwe werklikhede kan lei. Watter nuwe werklikhede sou jy graag wou sien in jou eie lewe?

_____

_____

INHOUD & GESPREK

Toe Jesus in die openbaar begin verskyn het, het mense vinnig bewus geword van hom. Hulle het gehoor wat Hy doen, wat Hy sê en waar Hy hom bevind. Rondom Jesus was daar baie predikers (bv die fariseërs, Sadduseërs, priester, profete ens.). Tog het Jesus `n veel groter impak gemaak as al die ander saam . Wat dink julle was die groot verskil in wat ander geleer het en wat Jesus kom leer en wys het?

_____

_____

Hoe sou die woordjie '**onverdiende genade'** vir julle klink om die groot verskil te verduidelik? Dink bietjie oor die volgende...

<u>Oor God se genade vir ons:</u>

- Ons wonder of ons dit regtig verdien
- Ons wonder ook soms of dit regtig waar kan wees
- Dan wonder ons nog verder ook of dit nie iewers uitgedien kan raak nie.
- Is ek regtig so belangrik vir God? Ken Hy my regtig op my naam?

<u>Oor God se genade vir ander:</u>

- Jy het my al so seer gemaak en teleurgestel dat ek nie meer weet hoe om jou te vergewe nie?
- Dit is vir my moeilik om te dink dat God vir spesifieke mense genadig kan wees

_____

_____

<u>KOM ONS LEES</u>

Die eerste gedeelte wat ons gaan lees is die gedeelte van ons Tema vir die jaar. Lees Filippense 4:4-8. Kyk veral na vers 4 en 5 vir die doel van hierdie byeenkoms.

1) Wat dink julle bedoel Paulus met die idee om altyd bly te wees
2) Hoekom moet ons altyd inskiklik (vriendelik) wees teenoor almal?

_____

_____

Hier is 3 verhale wat op `n besondere manier iets van hierdie blydskap en vriendelikheid vir ons kan verduidelik. Al drie hierdie verhale gaan oor die onverdiende genade van God en hoe mense hierop reageer. Kies een of twee verhale en deel met mekaar wat julle hoor tov die volgende:

1) **Die onverdiende genade**
2) **Hoe die mense daarop reageer en**
3) **Wat daaroor gesê word.**

- Die verhaal van Sageus in Lukas 19:1-10

- Die verhaal van die baie ryk man in Matteus 20:1-16
- Die verhaal van die verlore seun in Lukas 15: 11-32

Slot

Waar laat dit ons itv ons blydskap in die Here en ons inskiklikheid teenoor allllllle mense?

Amen